

Sondag 14 Januarie

Skrifgedeelte: Filippense 4:10-20

Fokusgedeelte: Filippense 4:17;
Heidelbergse Kategismus 33:91

Die geloof as bron van goeie werke

In Sondag 24 en 32 is reeds oor goeie werke gehandel, maar in ander verbande. Hier gaan dit oor die vereistes waaraan goeie werke moet voldoen om voor God goeie werke te kan wees. Daarop word gewys dat die *geloof* die *bron*, die *wet van God* die *maatstaf* en die *eer van God* die *doel* van goeie werke moet wees. Eerstens is geloof die bron van goeie werke.

Dat die geloof die bron van goeie werke is, blyk uit Hebreërs 10:38: “Maar my regver-dige sal uit geloof leef” (2014-vertaling). Veral die woorde: “... sal uit geloof leef” is hier van besondere belang. Die beeld wat aan hierdie uitspraak ten grondslag lê, is dié van ’n boom wat uit sy wortel lewe. Die wortel moet die boom voed. As die wortel gesond is, dra die boom gewoonlik ook goeie vrugte. Dieselfde funksie wat die wortel by die boom vervul, het die geloof in God by die gelowige. Alleen as dit die geval is, word ons soos Tabita oor-vloedig in goeie werke (Hand. 9:36).

Dit was ook die geval met die Filippense. Deur Paulus se verkondiging van die ewangelie aan hulle het hulle diep onder die indruk gekom van die feit dat Christus hulle gered het van hulle sondenood en dreigende oordeel en straf. Hierdie geloofsverbondenheid aan Christus het hulle gedring om vir Paulus, wat ’n gevangene in Rome was, te help die lewensmiddele aan hom te voorsien (Fil. 4:10).

Daarvan praat Paulus as hy na die gawe en die vrug verwys in Filippense 4:17 (vgl. hierbo). Daarmee sê hy aan hulle dat dit nie soseer die gawes is wat hulle gestuur het wat hom so bly maak nie – dit natuurlik ook – *maar hy is veral bly omdat hy in daardie gawes die vrug van hulle geloof in Christus sien*. Want die *motief*, die *rede* vir die gee van die gawes aan hom is hulle geloof in Jesus Christus, en dit vervul hom met intense vreugde en maak van die stuur van die gawes ’n goeie werk.

Hieruit is dit duidelik dat as twee mense dieselfde daad verrig, dit moontlik is dat dit by die een ’n goeie werk is omdat dit uit geloof voortgekom het, terwyl dit by die ander nie ’n goeie werk is nie, omdat hy nie deur die geloof gedryf is om dit te doen nie. Ons sien dit by Kain en Abel (Gen. 4). Albei het geoffer. In die oog van die mens het hulle presies die-selfde gedoen. En tog lees ons in Hebreërs 11:4: “Omdat Abel geglo het, het hy ’n beter offer aan God gebring as Kain.”

Soos dit met hulle gegaan het, so gaan dit vandag nog: Alleen as ons iets doen gedryf deur ons geloof – al is ons self nie altyd daarvan bewus nie (Matt. 25:37-40) – is dit voor die Drie-enige God ’n goeie werk.